

Hoofstuk van die dag: Rigters 17

> *Toe sê Miga: “Nou weet ek die Here sal vir my goed wees, want die Leviet het my priester geword!” (vers 13)*

Miga was baie in sy skik. Hy het sy eie tempel op sy werf gehad, en later tref nóg ’n geluk hom: die grote Moses se

kleinseun (Rig 18:30) daag by hom op. Nou het hy ’n regte priester!
Dit was alles heerlik gerieflik. Daar was natuurlik die groot heiligdom van die Israeliete by Silo. Dit was nie te ver van Miga af nie (net ’n paar kilometer), en al die Israeliete was veronderstel om daar te gaan aanbid. Maar dit was darem regtig onnodige moeite as jy net sowel op jou eie werf jou godsdiens kan bedryf.
Dit laat my dink aan die mense wat deesdae hulle eie kerk sommer by die huis hou. Jy kyk kerk op die TV of video’s van eredienste. Dis mos heeltemal genoeg. Waarom sou jy dan nog die moeite doen om elke Sondag kerk toe te gaan as jy sommer net daar in jou huis jou godsdiens kan bedryf?
Ongelukkig help ’n eiesinnige godsdiens jou nie regtig as jy in die nood is nie, soos Miga weldra sou ontdek …

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026